HOËRSKOOL RICHARDSBAAI

-Waar ons daarna streef om dié toonaangewende skool in KZN te wees!
-Where we strive to be the leading school in KZN!

Nuusbrief 03/2021

22 April 2021

Geagte Baaitjie-Ouers

1. PERSONEEL

Ons wens die volgende personeel, wat gedurende óf aan die einde van die 1ste kwartaal aftree, alle voorspoed toe vir die toekoms:

- Me A Pretorius
- Me S de Clercq
- Me A van der Westhuizen

2. KWARTAAL 2 (3 Mei – 9 Julie): SKOOLBYWONING

Die skool begin op 3 Mei 2021 vir die tweede kwartaal. Hierdie week sal 'n Gr 12 en 'n Junior week wees en die rooster wat gevolg word sal dag 1 - 5 wees.
Die Gr 10's en Gr 11's begin op 10 Mei en sal dag 6 – 10 volg. ***'n Volledige uiteensetting van die kwartaal se beplanning word aangeheg vir u kennisname.***

3. AFWESIGHEDE / LAATKOMMERY

Daar is 'n tendens onder leerders om baie Vrydae en Maandae afwesig te wees en sodoende 'n patroon van langnaweek te skep. Moet asseblief nie ingee aan u kind se versoek om tuis te bly nie. U doen hulle skade aan deur toestemming te gee.
Dit wil voorkom of ouers hul kinders toelaat om laat by die skool op te daag. Die eerste klok lui reeds om 07:25. Leerders moet dan klasse toe beweeg aangesien die eerste periode stiptelik om 07:30 begin. Daar is leerders wat eers 08:05 by die skool opdaag. Laatkommery is onaanvaarbaar in 'n werksituasie **en so ook by die skool**. **Deur laat op te daag word 'n swak indruk geskep**. ***Ons doen dus 'n beroep op ouers om toe te sien dat u kind/kinders reeds 07:25 by die skool is.***

4. "D6 SCHOOL COMMUNICATOR"

BAIE BELANGRIK! ALLE formele kommunikasie van die skool word op hierdie platform deurgegee. ALLE huiswerk, toetsdatums, nuusbriewe en ander gebeure word híér gekommunikeer. Dit is van kardinale belang dat elke ouer die "D6 School Communicator" op hulle selfoon of skootrekenaar sal aflaai.
Indien u enige probleme ervaar of met iets ten opsigte van "D6" sukkel, kan u gerus die "D6-span" op 0878200088 óf per e-pos nl. appsupport@d6.co.za kontak.

5. GRATIS WIFI BY DIE SKOOL

Ons het daagliks vanaf 14:00 tot 07:10 gratis wifi by die hoofnetbalbaan voor die skoolsaal beskikbaar vir alle leerders om te gebruik.
Baaitjie-leerders word aangemoedig om van hierdie geleentheid gebruik te maak om huiswerk van D6 en ander platforms (google classroom, ens.) af te laai vir die weke wat hulle nie by die skool is nie. **Die wagwoord is *HRB00000***

6. SPORT & KULTUUR

Ons wil u meedeel dat ons ongelukkig nie op hierdie stadium aan kompeterende sport of kulturele aktiwiteite gaan deelneem nie. Die risikofaktor is te hoog en die feit dat ons geen toeskouers hier mag hê nie plaas finansiële druk op ons.
Die veiligheid van ons spelers en hul opponente wanneer ons teen ander skole deelneem, kan nie verseker word nie.

7. KLEREDRAG

Ons het ‘n pragtige uniform waarop ons geweldig trots is. Ons wil graag hê dat ons kinders te alle tye die uniform korrek dra. Sportklere is nie ons uniform nie en dit mag dus nie as ‘n plaasvervanger vir die uniform gedra word nie.
Seuns MAG NIE oorbelle skool toe dra nie. Let asseblief ook daarop dat dogters voortaan slegs in die **winterseisoen** langbroeke mag dra.

8. NAAMBALKIES

Dit is vir my ongelooflik belangrik om my kinders in die skool te ken en op hul naam te groet. Die skool het ‘n nuwe tradisie begin waar die balkies kleur gekodeer is. Hierdie balkies vorm deel van ons kinders se skooldrag en moet van nou af elke dag gedra word. Die polisiëring hiervan gaan strenger plaasvind.

9. SASAMS

Die departementele SASAMS werk nog nie 100% soos die regering dit verlang nie en ons moes noodgedwonge alternatiewe reëlings tref. Ons gaan dus ‘n verslag uitdeel wat die roupunt aandui van al u kind se assesserings. Hierdie is nie verwerkte punte nie aangesien ons nie presies kan sê hoe SASAMS die verwerkings gaan doen nie.

10. AANLYN-AANSOEK (Hou die webblad dop vir die bekendstelling)

Ons gaan hierdie jaar gebruik maak van aanlyn aansoeke vir toelating tot die skool. Hierdie vorm sal op ons webblad nl. www.hsrichardsbaai.co.za beskikbaar wees en kan deur middel van óf ‘n selfoon óf ‘n rekenaar voltooi word. Indien u probleme met die proses ondervind kan u een van ons sekretaresses skakel en ‘n afspraak maak vir hulp.

11. NAVRAE RAKENDE VORDERING MET BETREKKING TOT SKOOLWERK

Daar is talle ouers wat wil weet waarom sekere klasse verder vooruit is as ander. Daar is twee basiese redes hiervoor.

i. U kind het dalk nie ‘n spesifieke vak in die eerste week van die rooster nie en het dalk meer klasse in die tweede week van die rooster. Na afloop van die hele siklus behoort hulle min of meer op dieselfde plek te wees. Aan die einde van die siklus, na drie weke sal almal op dieselfde vlak wees.
ii. Klasse werk teen verskillende tempo’s en daar mag dalk meer remediëring in ‘n spesifieke klas verlang word om ‘n konsep te verduidelik.

12. GRAAD 8 & 9 WISKUNDE GOOGLE CLASSROOM

In graad 8 & 9 Wiskunde word die basis gelê vir Graad 10. Indien u kind nie op die Google Classroom groep is nie, wil ons u graag aanmoedig om by die groep aan te sluit om sodoende gebruik te maak van waardevolle video’s/leermateriaal.

13. SKOOLFONDS

Baie dankie aan ouers wat ‘n poging aanwend om skoolfonds te betaal. Daar is egter ouers wat nog geen skoolfonds vir die jaar betaal het nie en ook nie reëlings in verband daarmee getref het nie. Die finansiële sekretaresses sal u kontak en ‘n afspraak maak om my in dié verband te kom sien.

Baaitjie-groete

H J P MULLER
SKOOLHOOF

SKOOLBYWONING

2de Kwartaal: 3 Mei – 9 Julie

DATUM	AKADEMIESE SIKLUS	GRAAD
Week: 3 Mei – 7 Mei	Dag 1 - 5	8, 9, 12
Week: 10 Mei – 14 Mei	*Dag 6 - 10*	*10, 11, 12*
Week: 17 Mei – 21 Mei	Dag 6 - 10	8, 9, 12
Week: 24 Mei – 28 Mei	*Dag 1 – 5*	*10, 11, 12*
Week: 31 Mei – 4 Junie	Dag 1 – 5	8, 9, 12
Week: 7 Junie – 11 Junie	*Dag 6 - 10*	*10, 11, 12*
Week: 14 Junie – 18 Junie 16 Junie - Publieke Vakansiedag	Dag 6 - 10	8, 9, 12
Week: 21 Junie – 25 Junie	*Dag 1 – 5*	*10, 11, 12*
Week: 28 Junie – 2 Julie	Junie-Eksamen	8 - 12
Week: 5 Julie – 9 Julie	Junie-Eksamen	8 - 12